**25 Mei 2020** **Vreesloos 5: Wat as ek nie genoeg het nie? Maandag**

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Skriflesing**

| | |
|---|---|
| 16 | Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: "'n Ryk man se grond het goed gedra. |
| 17 | Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. |
| 18 | Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. |
| 19 | Dan sal ek vir myself sê: 'Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.' |
| 20 | Maar God het vir hom gesê: 'Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?' |
| 21 | So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie." |

**Prediking:**

Al moet ons polisse hê, moet ons op God vertrou, nie op die polis nie.

- Die probleem is nie die ryk man se rykdom of skure nie.
- Dis die feit dat hy fokus dáárop,
- dat hy dít vertrou,
- dat dit moet sorg dat hy veilig is,
- dat sy skure vir hom moet voorsien.

Daardie skure het dan die manier om voor God in te skuif, soos die maan voor die son tydens 'n sonsverduistering.

**Donderdagoggend** het ons gesels oor die een vrees wat sin maak: vrees vir God. Ons probeer God in boksies sit, maar hoe groter God is, hoe kleiner ons vrese.

**Vrydagoggend** het ons die verhaal gelees van Jesus wat die storm stilmaak.  Vrees maak dat ons nie op God vertrou nie, maar sekuriteit aanbid.  Tog is dit die opdrag wat Jesus die meeste gee (meer as die opdragte tot liefde):  moenie bang wees nie.

**Saterdagoggend** het ons gesê dat ons almal wil voel dat ons maak saak.  Tog het ons die gevoel dat ons nie saak maak, nie liefde werd is nie – ons het die beeld van die vyfde mossie gebruik.  Dis 'n selfvervullende profesie.  Ons het waarde by God!  God gee vir ons genoeg om – hy tel selfs die hare op ons kop.

**Sondagoggend** het ons gevra: "Wat as ek God teleurstel?" Ons het gesê jy hoef nooit bang te wees dat God se genade gaan opdroog, dat dit 'n eindpunt gaan bereik nie.

**Preek**

**Vandag gaan ons aan en praat ons wat as… wat as ek nie genoeg het nie?**

**Almal van ons ken seker die speletjie Monopoly, as kind het ons dit nogals baie gespeel.**

Nou verbeel jou jy is 'n suksesvolle finansiële beplanner.  In jou kantoor sit die 2020 Monopoly kampioen.  Hy wil hê jy moet hom help om sy geld te belê.

Hier sit hy in jou kantoor, met sakke vol pink note en klein plastiek geboutjies.

- "Ek het 314 Eloff strate, 244 President strate en genoeg treinstasies om om die aarde te pak."

Jy dink by jouself:  het iemand 'n kamera iewers in my kantoor weggesteek?

Maar jy is professioneel, so jy sê:

- "Jy het 'n stewige Monopoly rykdom daar!"

Hy kruis sy arms, sit selfvoldaan terug en sê:

- "Inderdaad.  En ek is gereed dat jy hierdie rykdom vir my laat werk.  Ek wil nou terugsit en ontspan…"

Dan is dit ook omtrent hier waar jy dit verloor en sê vir hom

- “Jy is van jou kop af!
- Jou geld het absoluut geen waarde nie!
- Dis nie die papier werd waarop dit gedruk is nie!
- Buite jou speletjie is dit waardeloos.
- Jy het 'n dwase fout gemaak.
- Om die waarheid te sê, jy's 'n dwaas.”

Dalk onvriendelike woorde, maar tog waar. En byna dieselfde woorde wat God in een van Jesus se gelykenisse gebruik het:

- Hierdie ryk man was nie 'n slegte ou nie!
- Hy was 'n skerp besigheidsman, goed met wins maak en beleggings.
- Waarskynlik 'n eerlike ou.
- Dis die ou wat ons wil volg. Man, hy's die ou wat ons wil wees!
- As hy boeke skryf, sal ons dit koop.
- Ons sal baie geld betaal om sy praatjies by te woon.

Natuurlik. Want dis wat nodig is om te leef in hierdie wêreld. Dis hoe ons ons veiligheid verseker: 'n stewige huis, hoë heinings om myself en my familie veilig te hou, versekering ingeval iemand dit probeer steel, pensioen sodat ek veilig kan wees wanneer ek aftree.

- Dis tog nie slegte goed nie!
- Maar Jesus noem die ou 'n dwaas.
- Asof ons nie bang genoeg was nie!
- Nou kom sê Jesus nog ons pogings om te oorleef,
- om onsself te beskerm, finansieel te versorg, is dwaas?
- Wat is dan nou fout daarmee om finansieel veilig te wil wees?
- Waar het die ryk man verkeerd gegaan?

Jesus antwoord daardie vraag met die opeenhoping van 'n klomp persoonlike voornaamwoorde. Lees gou weer 'n paar verse saam met my, maar kyk die slag vir die ryk man se hart:

17Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. 18Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. 19Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.'

- Die probleem is nie dat hy baie het nie.

Die probleem is dat hy in homself vasgekyk het.

- En hy is suksesvol!
- Hy is, volgens ons definisie, veilig.
- Maar God sê hy speel Monopoly.
- Hy besit 'n klomp Eloff strate.

Wat maak van hom 'n dwaas?  Wat hom 'n dwaas maak, is dat hy na die verkeerde persoon toe gegaan het

- Die probleem is nie dat hy beplan het nie.
- Die probleem is dat hy nie vir God by sy planne betrek het nie.
- Jesus kritiseer nie die man se rykdom nie, maar sy arrogansie.

Wat as die man na die regte persoon gegaan het – **God** – met die regte vraag:

Wat wil u hê moet ek doen?

Om geld op te gaar is 'n gewilde reaksie op vrees.

- Ons is bang ons gaan ons werk verloor,
- ons besigheid verloor,
- ons huise verloor,
- gaan nie mediese onkoste kan bekostig,
- nie aftrede kan bekostig nie.
- So ons werk harder,
- spaar meer,
- bou groter huise met hoër mure.

Nou met die Covid 19 krisis lyk ons toekoms baie onseker.

As daar nie 'n God was nie, dan sou dit sin gemaak het om op goed te vertrou. Dan sou dit sin gemaak het om soveel as moontlik te vergader, want dis die goed wat ons moet beskerm, wat vir ons moet sorg.

Maar daar is 'n God. En hierdie God wil nie hê ons moet op geld vertrou nie. Hy wil nie hê ons moet ons veiligheid in polisse vind nie.

**Jesus reageer op die ryk man se dwaasheid met 'n klomp oproepe om nie bekommerd te wees nie:**

**Lukas 12:32**

- 32“Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee.

Hierdie is die enigste keer wat Jesus ons sy “klein kuddetjie” noem. Dis 'n sagte liefdesnaam.

- Jy kan Sy deernis hoor.
- Hy weet ons voel klein.
- Hy weet ons voel uitgelewer.
- Hy weet ons is bekommerd.
- En Hy (Jesus) herinner ons dat Hy ons herder is.
- Dat Hy vir ons omgee,
- En vir ons sorg.

Die God wat ek en jy dien is 'n God van oorvloed.

God voorsien. Hy is vrygewig en betroubaar.

Die Bybel is hieroor helder:

- God besit alles.
- En God deel alles.

So hoekom is ons dan so bang?  Hoekom voel dit nie vir ons asof ons genoeg het nie, asof ons veilig is nie?

Ek glo dat hierdie vraag lê in 3 redes!

**Eerstens, omdat God nie deel is van ons beplanning nie.**

Ons nooi God in wanneer ons bekommerd raak in die lewe. Solank as wat dit goed gaan met ons dan is God nie altyd deel van ons planne nie.

- Ons moet daardie polisse hê.
- Ons het nodig om hard te werk, sodat ons onsself en ons geliefdes kan versorg.
- Maar ons het ook vir God nodig.
- Ons het nodig om God van die begin af te ken, te vertrou.
- Jy moet eintlik jou begroting opstel tydens jou stiltetyd.
- Nie bid nadat begroting opgestel maar bid vooraf, tydens.

Al moet ons polisse hê, moet ons op God vertrou, nie op die polis nie.

Die probleem is nie die die ryk man se rykdom of skure nie.

- Dis die feit dat hy fokus dáárop,
- dat hy dít vertrou,
- dat dit moet sorg dat hy veilig is,
- dat sy skure vir hom moet voorsien.
- Daardie skure het dan die manier om voor God in te skuif,
- soos die maan voor die son tydens 'n sonsverduistering.

Hoe meer ons het, hoe meer bekommernis en vrese het ons.  En hoe meer fokus ons op ons goed en op die vrees vir skaarste – **en al hoe minder vertrou ons op God.**

Die tweede rede waarom ons bang is is ons eie onsekerheid. As ek dit nie het nie, hoe kan ek dan oorleef?

Meeste van ons het in die laaste paar jaar – paar maande! – gevoel hoe ons armer raak.  Ons gaan dit waarskynlik nog meer voel.  Dit maak ons bang, ons voel God

voorsien nie.  Dalk is dit nodig dat ons ons definisie van “voorsien”, van “genoeg”, hersien.

**<u>Die derde rede waarom ons bang is, is selfsug.</u>**

**1 Tim 6:17-19**

God gee genoeg.  Maar hy verdeel dit nie gelykop nie.  Hy gee vir sommige meer, vir ander minder.  Sodat ons in verhouding met mekaar moet bly.  Sodat ons mekaar altyd sal nodig hê.  Ek het al baie gesien, hoe meer mense het, hoe moeiliker is dit!  Armer gemeenskappe deel met mekaar, gee kos vir bure, as mense in nood is, word hulle gehelp.

Ons moet op God vertrou, eerder as op geld en goed.

Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God.

Miskien gaan dit finansieel met ons slegter gaan in die toekoms.

- Ons kan selfs alles verloor.
- Maar ons vertrou nie op geld nie.
- Ons vertrou op God.
- En God is betroubaar.
- God sal ons dra, ook deur moeilike tye.

Hierin lê die uitdaging vir jou en my…Laat ons dan die vrees vir die toekoms vervang met geloof in die lewende God.

Kom ons gaan leef doelbewus deur Jesus deel te maak van ons lewe, in alle fases van ons lewens.  Amen.

**Gebed**

**Seën:**
Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.